

Pastorale brief aan gemeentes:

“Omdat ons die evangelie glo, lewe ons met hoop.”

Die 2015-sinodesitting van die Wes- en Suid-Kaapland Sinode was in vele opsigte ‘n energerende en stimulerende vergadering. ‘n Diversiteit van elemente – aanbidding, joernaalinskrywing, toesprake, video’s, oop gesprekke en selfs ‘n uitvoering deur ds Tienie Benadé (oftewel Frank Opperman) – het gesorg vir ‘n gesonde afwisseling tussen kritiese gesprekvoering en verbeeldingryke nadenke oor wat dit beteken om te lewe met Christelike hoop in Suid-Afrika vandag.

‘n Aantal belangrike temas het aan die orde van die dag gekom. Missionale kerkwees, of wat dit beteken om ‘n gestuurde kerk te wees in ‘n wêreld waarin die sturende God betrokke is en werk, het deurgaans sentraal gestaan. God stuur God se Seun en God se Gees, bely ons, om die lewe in volheid te bring in ons verskillende leefwêreld. Dit raak alle aspekte van die kerk se lewe en werk.

‘n Besinning oor hoe die Here in en deur die jeug werk, en in die besonder #imagine, was vir die Sinode ‘n belangrike fokus. Daarom is daar ook tydens hierdie bespreking goed geluister na jongmense en die #imagine-ambassadeurs. Die vergadering het iets beleef van die energie wat daar tans op verskillende maniere losgemaak word, en is opgewonde oor jongmense wat hulle identiteit en roeping in die Here ontdek en uitelef.

Armoede was ‘n volgende belangrike fokus vir die Sinode. Die omvattende werk wat deur die NG Kerk-familie gedoen word om op verskillende maniere mee te werk aan God se versorging van mens en skepping, is aan die vergadering voorgehou. MIV/Vigs en die ekologie, saam met die skerp fokus op vroeë kinderontwikkeling, is van die belangrike sake wat ter sprake was.

Daar is erns gemaak met die profetiese en publieke taak en rol van die kerk, en die verskillende rolspelers waarmee die kerk skakel en in vennootskap tree (soos ander kerke, regeringslui en sakelui). Profetiese getuienis wat gestalte kry in aktiewe deelname binne die burgerlike samelewing, soos rondom die kwessie van hidrobreking in die Karoo, is vir die kerk onontbeerlik.

Die vergadering het ook nagedink oor lidmate van die kerk, en aan die verskillende maniere waarop ons as gelowiges mekaar kan begelei en ondersteun. ‘n Belangrike saak wat in hierdie gesprek aangeraak is, is die bevestiging van die menswaardigheid van alle mense, te midde van die gebroke samelewing waarin ons leef. Hierin wil ons Jesus navolg.

Die vergadering moes deeglik aandag gee aan die voorgestelde Artikel 1-wysiging. Dit is dikwels, in ‘n verskeidenheid van gesprekke, genoem dat die stemproses vir gemeentes en kerkrade verwarrend was. Die vraag is ook gevra hoe dit moontlik kan wees dat ‘n sinode “anders” as gemeentes kan stem. Soms dink afgevaardigdes wat die sinode bywoon (en die gemeentes wat hulle afvaardig) dat die rol van so ‘n afgevaardigde moet wees om die gemeente se stem by die sinode te verteenwoordig. Dit is nie so nie. Afgevaardigdes se rol by

die sinode is nie om mense of gemeentes te verteenwoordig nie, maar om geloofsonderskeidend saam met die kerkvergadering van die sinode te bid en te dink en Christus se wil te soek.

Die uiteindelijke besluit van die Sinode oor die voorgestelde Artikel 1-wysiging, waarin die Belydenis van Belhar ook ter sprake gekom het, vereis dalk 'n langer verduideliking.

Die Sinode het haar sterk uitgespreek ten gunste van die Belydenis van Belhar as deel van die belydenisgrondslag van die NG Kerk. Die Sinode het ook met haar besluite aangetoon dat om die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag op te neem, 'n proses verg waarmee die Sinode haar volhardend gaan besig hou.

Dit was duidelik dat die meerderheid van kerkrade hierdie poging ondersteun. Die Sinode is egter ook bewus daarvan dat daar 'n groep kerkrade en gemeentelede is wat hulle nie met so 'n proses kan vereenselwig nie. Die Sinode wil hierdie lidmate, predikante en kerkrade verseker dat daar gepoog sal word om ruimte te skep vir hulle standpunte en ervarings.

Die Sinode erken haar onvermoë om die saak tot bevrediging van almal te hanteer, maar poog om in alles 'n teologiese en prinsipiële posisie in te neem. Die Sinode is hartseer oor lidmate wat vervreemd voel oor haar standpunt-inname. Dit is geensins ons bedoeling om mense te verwar of te vervreem nie, maar juis om almal te verenig rondom die waarheid soos ons dit verstaan.

Daar is min twyfel by ons dat die Sinode ná omvangryke gesprekke oor baie jare nou by 'n punt gekom het waar ons diep oortuig is daarvan dat die Belydenis van Belhar deur ons sinode onderskryf word. Beteken dit dat almal die Belydenis van Belhar nou *moet* verwelkom of omhels of aanvaar? Nee, het die vergadering gesê, want ons mag en kan verskil omdat ons eenheid in Christus groter is as ons verskille. Graag wil ons in die gees van die Belydenis van Belhar ook diegene wat teen die aanvaarding van die belydenisskrif is, omarm en saamnooi op ons reis vorentoe. Ons aanvaar dat verreweg die meeste van laasgenoemdes ook die Bybelse beginsels van eenheid, geregtigheid en versoening onderskryf en daaraan gestalte wil gee.

Suid-Afrika beleef enorme uitdagings en ons glo dat hierdie Belydenis ons uitdaag en bemagtig om juis in hierdie tye met oortuiging op te staan teen onreg, verdeeldheid, haat en bitterheid – en om saam te streef na eenheid, geregtigheid en versoening in Suid-Afrika. Saam wil ons op weg wees na 'n voller lewe vir almal (Johannes 10:10), waarin alle mense en die hele skepping kan gedy en floreer.

Ons glo in God Drie-enig, wat deur God se Gees en God se Seun die lewe in oorvloed skenk.

Die kerk se rol is om te getuig van die hoop wat in ons leef (1 Petrus 3:15). Ons bede is dat ons, te midde van ons gebrokenheid en broosheid, geloofwaardige getuies van hierdie hoop sou kon wees.